
## 148 Heer Jesus, dink aan my




Heer Jesus, dink aan my,
met sorg en wee ontrus;
laat my u troue dienaar bly,
en in u troos my rus.

Heer Jesus, dink aan my,
te midde van die stryd,
in al my pyn en angsgeskrei
wees lewe, saligheid.

Heer Jesus, dink aan my,
en laat my nie verdwaal;
in donker en in woesteny
lei tot die hemeelsaal.

Heer Jesus, dink aan my,
wanneer die onweer woel;
wanneer die vyand my bestry,
laat my U naby voel.

Heer Jesus, dink aan my,
die doodsangs veilig deur,
vir heerlikheid altyd bevry,
maak oop die hemeldeur.

Synesius (375-430) Damon’s Psalm (1579)